


# Munisipale waardasies en die waardasierol



My eiendomsbelasting is baie hoog.

## Wat staan my te doen?

1. Kry die waardasierol van jou munisipale gebied op die munisipaliteit se webtuiste of kantore.
2. Kyk na die volgende twee punte:

a.   
**Die waardasie van jou eiendom**  
(jou eiendom se waarde in rand en sent)

b.   
**Die kategorie van jou eiendom**  
(residensieel, besigheid, plot en so meer)

Die waardasie van my eiendom is baie hoog en ek stem nie saam met die waardasie nie.

## Wat nou?



### Appelleer teen die waardasie

Artikel 50(1)(c) van die Wet op Munisipale Eiendomsbelasting, 2004 (Wet 6 van 2004) (WMEB)

- Appelleer teen die waardasie deur 'n vorm in te vul wat deur die munisipaliteit voorsien word.
- Maak gebruik van Aangangsel A indien die munisipaliteit nie 'n vorm het nie.
- Wenk: Vra 'n eiendomsagent om 'n waardasie van jou eiendom te doen en heg dit by die appèlvorm aan.

### Wag vir terugvoer

Artikel 51(a) van die WMEB)

- Waardeerders moet die geleentheid gegun word om die appèl te evalueer.
- Volg egter gereeld op om te hoor hoe die proses vorder.

Sodra jy terugvoer ontvang het:

Artikel 53 van die WMEB



Ek is **tevrede** met die terugvoer.

Ek is **nie** tevrede met die terugvoer **nie**.

Versoek die waardeerders om rede/s vir die besluit te gee

Artikel 53(2) van die WMEB

### Stel 'n appèl in by die appèlraad

Artikel 54 van die WMEB

- Munisipaliteite is veronderstel om 'n appèlraad te hê wat appèlle oor waardasies aanhoor.
- Die raad sal dan finaal besluit of die waardasie van die waardeerder redelik is of nie.

# 'n Paar **vrae** oor die **waardasierol**

## 1. Watter **inligting** bevat die waardasierol?

Die grondeienaar se **naam** en **van**

Die **kategorie van die eiendom**

Die waardasie van die eiendom (in rand-en-sent-waarde)

Die eiendom se **straatadres**

## 2. Ek het nooit enige inspekteur gesien wat 'n waardasie van my eiendom kom doen het nie?

Die MPRA verplig nie waardeerders om persoonlike inspeksies by eiendomme te doen nie, maar gee ruimte vir gebruik van verskeie metodes soos byvoorbeeld lugfoto's, markinligting en/of 'n rekenaargesteuende massa-evalueringstelsel.

## 3. Vir **hoe lank** is die waardasierol geldig?

**Vier jaar** vir metropolitaanse munisipaliteite en **vyf jaar** vir plaaslike munisipaliteite.

Waardasierolle moet egter **elke jaar** opgedateer word – dit word die “**aanvullende waardasierol**” genoem.